# Hoofstuk 10
# Spiertier of kultuurvraat?

**Aktiwiteit 10.1: Luister na 'n standpunt**
Voordat jy die teks die eerste keer aan die leerders voorlees, maak seker dat hulle weet waarvoor hul moet luister. Hulle moet die hoofrede waarom Leroy kultuur bo sport op skool gekies het identifiseer en notas maak van die dinge wat vir Leroy motiveer om te presteer.

## *'n Droom word waar vir ons eie Billy Elliot*

*Die 16-jarige, Leroy Mokgatle, is 'n Suid-Afrikaanse tiener wat 'n goue medalje by die Genee Internasionale Balletkompetisie in Londen losgedans het.*

*Dit was beslis harde werk. Die dansers het amper 12 uur per dag geoefen en moes nog gewone skoolwerk tussenin inpas. Maar die bloed, sweet en trane het vir Leroy vrugte afgewerp. Sy harde werk is beloon.*

*Leroy was sewe jaar oud toe hy besluit het om ballet eerder as sokker te kies. "Ek het ballet gekies alhoewel ek nie geweet het wat dit was nie. My maats het sokker gekies, en ek wou anders wees" sê Leroy. Hy was nog nooit spyt oor sy besluit nie.*

*Leroy sê hy was dadelik versot op ballet, maar hy moes leer om die seuns se gespot te verduur. Hy sê: "Ek is lief vir ballet en passievol daaroor. Ek wou iets doen wat anders was." Volgens hom daag ballet hom voortdurend uit. Dis sy droom om eendag op die wêreldverhoë te dans.*

*Sy ma, 'n verpleegster, het hom as enkelma in Pretoria grootgemaak. Na haar dood in 2007, het hy by sy ouma in Rustenburg gaan woon. Sy ouma en ander familielede ondersteun vir hom. Die hele gemeenskap weet van sy prestasies en is trots op hom.*

*In Londen het dit vir hom meer soos 'n slypskool as 'n kompetisie gevoel. Toe hy uiteindelik gedans het, het dit vir hom gevoel asof hy in 'n ander wêreld was. Leroy se enigste doelwit was om in die eindronde te kom; daarom was die wen van die medalje vir hom ongelooflik.*

Nadat die teks die eerste keer gelees is, vra terugvoer vanaf die leerders en maak seker dat hulle ten minste die hoofrede vir Leroy se keuse kon identifiseer: Leroy wou iets doen wat anders was.

Leerders moet die volgende dinge kan uitlig wat dien as motivering vir Leroy se prestasie in ballet:

- Hy is lief vir ballet/passievol daaroor.
- Dit bly vir hom 'n uitdaging.
- Dis sy droom om eendag 'n professionele danser te wees.
- Hy het die ondersteuning van sy familie en gemeenskap.

Daarna moet die leerders die tabel in die leerdersboek oorteken en voltooi.

**Aktiwiteit 10.2: Voorbereide hardoplees [Formele assessering 8] [10 punte]**

Maak seker dat die leerders weet wat dit beteken om ŉ standpunt in te neem en argumente aan te voer. Soek na voorbeelde van koerant- en tydskrifartikels om aan die lesers voor te lees. Help die leerders ook om tekste te identifiseer wat vir hierdie aktiwiteit gebruik kan word. Deur tyd te maak tydens klastyd vir die leerders om na voorbeelde te soek, is ŉ goeie idee.

Verleen hulp aan swakker leerders deur vir hul reeds tekste te identifiseer wat hul vir hardoplees kan gebruik.

**Tydens die leesaktiwiteit**

Elke leerder hoef nie noodwendig die hele teks te lees nie – hulle kan ŉ paar paragrawe lees. Dit is altyd goed om vir die leerder ŉ vraag of twee oor die gedeelte wat hy/sy gelees het, te vra. So kan jy ook bepaal of die leerder verstaan wat hy/sy lees.

Gebruik die rubriek vir mondelingse aanbieding om hierdie taak te assesseer en punte aan die leerders toe te ken.

| **No.** | **Kolom A – Vir die argument** | **Kolom B – teen die argument** |
|---|---|---|
| 1. | *As ’n mens sukses wil behaal, moet jy bereid wees om hard te werk. Sukses val nie sommer in jou skoot nie.* | *Te veel van ’n goeie ding is nie goed nie. Hy moet waak teen uitbranding.* |
| 2. | *Dis goed dat Leroy reeds op 7–jarige ouderdom besef het dat hy nie ’n volgeling hoef te wees nie.* | *Vir ’n kind se sosiale ontwikkeling is dit goed om dinge saam met maats van sy ouderdom te doen. By sy huis was daar geen mansfiguur nie. Dit is nodig dat Leroy seunsdinge moet doen.* |
| 3. | *Op Rustenburg sal hy nie verder kan vorder met ballet nie. Alles in die lewe wat die moeite werd is, verg opoffering.* | *Leroy behoort by sy ouma te bly; sy mag hom dalk nodig kry. Hy kan in sy strewe om beroemd te word, vergeet wie hom ingeneem het toe sy ma oorlede is.* |

**Lees en kyk**

**Aktiwiteit 10.3: Lees vir begrip en antwoord vrae**

10.3.1 Wat beteken die idioom in die titel? (1) [DV 2]

*Wayde hardloop baie vinnig.*

10.3.2 Kies die korrekte antwoord: Wayde van Niekerk studeer in ... (1) [DV 3]

*B – Bloemfontein*

10.3.3 Hoe beskryf Wayde homself. Noem twee feite. (2) [DV1]

*Hy is ’n gemiddelde student (1) en ’n dromer (1).*

10.3.4 Wayde het eers laat in sy skoolloopbaan van atletiek begin hou. Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR. Motiveer jou antwoord deur ’n sinsdeel aan te haal. (1) [DV 3]

*ONWAAR. “Sport was egter nog altyd sy groot en eerste liefde ...”*

10.3.5 Noem twee karaktereienskappe van Wayde wat duidelik in par. 3 en 10 na vore kom. (2) [DV

3]
*Par 3: familievas*
*Par 10: gelowig/godsdienstig*
10.3.6 Wie is die twee mense in sy lewe (nie sy familie nie) oor wie Wayde baie het om te sê. (2) [DV1]
*Sy afrigter/tant Ans (1) en sy meisie/vriendin/Chesney Campbell (1).*
10.3.7 Dink jy Wayde is 'n rolmodel vir ander jongmense? Motiveer jou antwoord met inligting uit die leesstuk. (2) [DV 4]
*Ja (1). Hy eer sy familie/hy is nederig/hy werk baie hard/gebruik sy Godgegewe talent/hy is gelowig (of soortgelyk) (1)*
10.3.8 As jy vir Wayde kon sê wat jy die meeste van hom bewonder, wat sal dit wees en waarom? (1) [DV 5]
*Aanvaar hier 'n verskeidenheid sinvolle antwoorde. Bv. Ek sal vir hom wil sê hy is my rolmodel omdat ...*
10.3.9.1 Wat is Wayde se twee doelwitte vir die toekoms? (2) [DV 2]
*Hy wil sy studies voltooi (1) en hy wil die Olimpiese span haal. (1)*
10.3.9.2 Is hierdie doelwitte haalbaar? Motiveer jou antwoord. (2) [DV 3]
*Ja. Hy is gemotiveerd om te studeer (1)en hy het die talent om die span te haal.(1)*
10.3.10 Wat beskou Wayde as ...
10.3.10.1 sy voorreg? (1) [DV 1]
*Hy kan SA se naam hooghou.*
10.3.10.2 sy verantwoordelikheid? (1) [DV 1]
*Hy moet voorbeeldig lewe.*
10.3.11 Daar is 'n idioom wat lui: "Die boog kan nie altyd gespan bly nie." (Engels: *All work and no play makes Jack a dull boy*.) Hoe leef Wayde hierdie waarheid uit? (2) [DV 4]
*Hy werk vir 11 maande van die jaar (1) en ontspan die laaste maand. (1)*
10.3.12 Watter paragraaf pas die heel beste by die opskrif van die leesstuk? Motiveer jou antwoord. (1) [DV 5]
*Par. 9 – Hier word uitgebrei op die goeie tye wat hy hardloop.*

**Aktiwiteit 10.4: Lees en som op**
Met die opsomming moet die leerders kennis van teksstrategieë toepas.
*Memorandum*

| | |
|---|---|
| Vroeër jare is sport slegs vir oefening en vermaak beoefen, maar vandag lyk dinge baie anders. Sport is deesdae 'n professionele beroep. Baie talentvolle sportmanne en-vroue maak geld uit sport. | *Sport as skoolvak kan leerders later in hul lewe help geld verdien uit sport.* |
| 'n Mens se daaglikse aktiwiteite vereis dat jy fyn- en grootmotoriese vaardighede moet hê. Sport help hiermee. Of jy jou motor bestuur of voor 'n rekenaar sit – jy moet goeie fynmotoriese vaardighede hê. | *Dit sal help fyn- en grootmotoriese vaardighede ontwikkel.* |
| 'n Dokter sê: "Mediese navorsing het bewys dat oefening nodig is vir my pasiënte se gesonde lewenstyl." Oefening laat die brein endorfiene afskei wat ons goed laat voel oor onsself. | *Sport as skoolvak sal sorg vir 'n gesonde lewenstyl*<br><br>*Sport as skoolvak sal sorg vir oefening wat jou laat goed voel oor jouself.* |
| Elke sportsoort het 'n stel reëls sodat alle | *Jy sal dissipline en spanwerk aanleer as sport* |

| | |
|---|---|
| spanlede saamwerk om punte aan te teken. Alle maatskappye vereis dat hulle werknemers goeie dissipline sal handhaaf en goed met hul kollegas sal saamwerk. Sport ontwikkel hierdie dissipline en spanwerk. | *’n skoolvak word.* |
| Sport leer ’n mens om op ’n gesonde wyse te kompeteer. Om sukses te behaal, is dit soms nodig om te kompeteer en net jou bes te doen. | *Dit sal jou leer gesond kompeteer.* |
| Dit is bekend dat baie ouers sukkel om die duur skoolfonds te bekostig. Baie buitemuurse aktiwiteite behels nog ekstra onkoste. Indien sport as deel van die kurrikulum aangebied kan word, sal dit ouers geld spaar. | *Sport as skoolvak sal help geld spaar.* |
| Sport bring mense van alle agtergronde bymekaar. Dit is goed vir nasionale samehorigheid en om beter menseverhoudings te bou. | *Sport as skoolvak sal help om beter menseverhoudings te bou.* |
| | Getal woorde: 69 |

**By die nasien van die opsomming kan die volgende as riglyn gebruik word vir die toekenning van taalpunte:**
Die hoofgedagte kan in ’n volsin of in ’n sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.
*Puntetoekenning (vir niedirekte aanhalings nie):
1–3 feite korrek: 1 punt
4–5 feite korrek: 2 punte
6–7 feite korrek: 3 punte

*Puntetoekenning (vir direkte aanhalings):
6–7 korrekte aanhalings: geen punte word vir taal toegeken nie
1–5 aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**Aktiwiteit 10.5: Neem ‘n standpunt in**

Die leerders kies een van die onderwerpe in die leerdersboek om ’n paragraaf te skryf oor ‘n stelling. Gebruik die rubriek vir ‘n opstel om die paragrawe te assesseer.

**Aktiwiteit 10.6: Skryf ’n klagtebrief**

Die leerders kies een van die onderwerpe in die leerdersboek om ’n formele klagte aan iemand te rig. Gebruik die rubriek vir langer transaksionele tekste om die briewe te assesseer.

## Taalstrukture en -konvensies
**Aktiwiteit 10.7: Identifiseer stereotipering en veralgemening**

Kyk na die volgende prentjie. Identifiseer die vakke wat mense deur stereotipering as tipiese meisie- of seunsvakke beskou. Skryf dit in kolomvorm neer.

| SEUNS | MEISIES |
|---|---|
| Wiskunde (grafieke en syfers) | Tale (skryf en praat en lees) |
| Fisiese Wetenskappe | Musiek |
| Lewenswetenskappe | Kuns |
| Geografie | Fotografie |
| Tegnologie | |

**Aktiwiteit 10.8: Gebruik leenwoorde in skryfwerk**
Skryf nou 'n kort, sinvolle paragraaf waarin jy die volgende leenwoorde gebruik: restaurant; baie; astrant; skelm; whisky; baadjie; tronk;

10.8 Hieronder volg 'n moontlike antwoord.
*Gisteraand het daar iets onverklaarbaars by 'n toprestaurant plaasgevind. Daar was baie klante in die restaurant. Ewe skielik het daar 'n astrante skelm ingestorm. Verbeel jou: net met 'n baadjie oor sy kop. Hy het na die naaste tafel gestorm, een van die klante se glas whisky gegryp en uitgehardloop. Sulke skelms hoort in die tronk!*

**Aktiwiteit 10.9: Taal-in konteks**
**Memorandum**
Pas nou die **Resep vir sukses** toe deur die volgende sinne in die **lydende vorm** in jou werkboek oor te skryf:
10.9.1 Baie talentvolle sportmanne maak geld uit sport. (1)
*Geld word deur baie talentvolle sportmanne (uit sport) gemaak (uit sport)*
10.9.2 Sport ontwikkel eienskappe soos dissipline en spanwerk. (1)
*Eienskappe soos dissipline en spanwerk word deur sport ontwikkel.*
10.9.3 Sport bring mense uit alle agtergronde bymekaar (1)
*Mense uit alle agtergronde word deur sport bymekaar gebring.*

Benoem die onderstreepte **voornaamwoorde** wat in die volgende sinne:
10.9.4.1 'n Mens se daaglikse aktiwiteite vereis dat jy fyn- en grootmotoriese vaardighede moet hê. (1)
*jy – persoonlike voornaamwoord*
10.9.4.2 Sport help hiermee. (1)
*hiermee – aanwysende voornaamwoord*
10.9.4.3 Of jy nou jou motor bestuur of voor die rekenaar sit – jy moet goeie motoriese vaardighede hê. (1)
*jou – besitlike voornaamwoord*
10.9.4.4 Deur sport leer 'n mens om op 'n gesonde manier met mekaar te kompeteer. (1)
*mekaar – wederkerige voornaamwoord* (1)

10.9.5 Skryf die volgende sin oor en vul al die **ontbrekende leestekens** in. Sport leer 'n mens op 'n gesonde wyse kompeteer om te verloor en om sukses te behaal.(2)
*Sport leer 'n mens op 'n gesonde wyse kompeteer**,**(1) om te verloor**,**(1) en om sukses te behaal.*

10.9.6 Skryf die sin oor in die **indirekte rede**. 'n Dokter sê: "Mediese navorsing het bewys dat

oefening nodig is vir my pasiënte se gesonde lewenstyl.” Begin so: ’n Dokter sê dat ... (1)
*’n Dokter sê dat mediese navorsing bewys het dat oefening nodig is vir sy pasiënte se gesonde lewenstyl.*

10.9.7 Alle maatskappye vereis dat hulle werknemers **goeie** dissipline sal handhaaf.
10.9.7.1 Is “goeie” ’n attributiewe of predikatiewe byvoeglike naamwoord? (1)
*attributiewe byvoeglike naamwoord*
10.9.7.2 Gebruik “goeie” nou op die manier wat jy nie by (10.9.10.1) gekies het nie. (1)
*As jou dissipline goed is, sal jou werkgewer tevrede wees.*
10.9.8 Gee die die **vergrotende** en **oortreffende** trap vir “duur”. (2)
*vergrotende trap – duurder; oortreffende trap – (die) duurste*
10.9.9 Gee die **intensiewe vorm** van die onderstreepte woorde. Dit is bekend dat baie ouers sukkel om die duur skoolfonds te bekostig. (2)
*bekend – alombekend (nie wêreldbekend nie)*
*duur – peperduur (spelling belangrik)*
10.9.10 In die volgende blokkie is daar VIER woorde wat verkeerd gespel is. Skryf dit korrek neer. [aktiwiteite; dissipliene; kompiteer; moter; nationale] (4)
*dissipliene – dissipline; kompiteer – kompeteer*
*moter – motor; nationale – nasionale*

Totaal 20

**Aktiwiteit 10.10: Poësie**
Gee leerders die geleentheid om die gedig saggies met aandag deur te lees. Gee geleentheid vir vrae waar daar onduidelikheid is. As aanknopingspunt kan ’n rugbyliedjie gespeel word.

Behandel die gedig aan die hand van die vrae in die leerderboek. Die belangrikste aspekte wat hier behandel moet word is:
Die gedig as ’n satire
Die gedig as vrye vers
Die tipografie van die gedig
Beeldspraak
Die boodskap van die gedig

**Aktiwiteit 10.11: Poësie**
**Memorandum**
10.11.1 Hierdie gedig is ’n voorbeeld van ’n satire. Verduidelik waarom die digter van hierdie retoriese middel gebruik maak. (3) [DV3]
*Die digter gebruik satire om menslike dwaasheid te ontmasker. (1) Sy teken ’n oordrewe beeld van toeskouer- en spelergedrag tydens ’n rugbywedstryd (1) sodat die leser moet nadink oor hierdie lawwe optrede en dit regstel. (1)*
10.11.2 Waarmee word daar in hierdie gedig gespot? (1) [DV2]
*Rugbyondersteuners se fanatiese gedrag terwyl hul ewe fanatiese spelers op die veld aanmoedig.*
10.11.3 Op watter TWEE groepe mense fokus hierdie gedig? (2) [DV1]
*Toeskouers en spelers*
10.11.4 Waarom kan ons sê hierdie gedig is ’n vrye vers? (2) [DV3]
*Daar is geen definitiewe strofes nie; interpunksie is afwesig en daar is geen binding deur rym nie. (Enige 2)*

10.11.5 Wat is die funksie van die "onordelike" tipografie? (1) [DV3]
*Die tipografie stel die chaos/wanordelike rondhardlopery op die veld en beweging op die pawiljoen voor.*
10.11.6 Haal 'n vergelyking uit die eerste 5 versreëls aan. (1) [DV2]
*" ... die rugbyspelers wat soos gestreepte haaie rondduik ..."*
10.11.7 Verduidelik waarom "haaie" 'n metafoor is. (1) [DV3]
*Die spreke rstel die spelers gelyk aan haaie omdat hulle aggressief na mekaar duik en dit lyk asof hulle na mekaar hap.*
10.11.8 Hoe reageer die maer meisie op die opgewondenheid wat toeneem op die pawiljoen? (1) [DV2]
*Sy brei net vinniger.*
10.11.9 Watter gevoel word uitgedruk deur die gebruik van die woord "mannetjies" ? (1) [DV3]
*minagting.*
10.11.10 Voltooi die sin:
Die kontras tussen die rooi bloed en die groen gras laat die spreker ... voel.(1) [DV1]
*naar/mislik/siek*
10.11.11 Hoe word die held van die veld afgedra en deur wie? (2) [DV1]
*Die held word op die skouers (1) van die medespelers afgedra. (1)*
10.11.12 Aan die einde van die gebeure wys die meisie dat sy maar net so kru soos die gillende toeskouers is. Waarom sê ons so? (1) [DV3]
*Sy krap in haar neus.*
10.11.13 Is dit vir jou aanvaarbaar dat mense tydens 'n byeenkoms op en af spring en kliphard skree? Verduidelik jou antwoord. (1) [DV4]
*Ja. Ek verstaan dat dit hulle manier is om hulle span aan te moedig.* ***OF***
*Nee. Dis irriterend en soms kan ek nie sien wat op die veld gebeur nie.*
*(Of soortgelyk)*
10.11.14 Dink jy hierdie gedig weerspieël regtig wat tydens 'n rugbywedstryd gebeur? (1) [DV5]
*Ja. Suid-Afrikaners is fanaties oor hul rugbyspanne. Eweneens sal spelers hul bloed gee vir 'n oorwinning.*
10.11.15 Wie is vir jou die held van die wedstryd? Kies 'n antwoord en motiveer jou standpunt. Die speler wat die meeste punte aangeteken het/die speler wat die beste vuishou gee /die speler wat die meeste bloei. (1) [DV5]
*Antwoorde sal varieer. Bv. Die speler wat die meeste punte aanteken is my held, want ek wil graag hê my span moet wen.*